Onthou: Lede van die Van der Merwe-familie was spesiale gaste tydens die bekendstelling van die Boyden-wetenskapsentrum. Hier bring Prof. Piet Strauss (staande) hulde aan wyle mnr Charl van der Merwe tydens 'n spesiale geleentheid by Boyden verlede jaar. Die Van der Merwe Trust het reeds R25 000 aan die Boyden-projek geskenk. Sittende is van links Prof. G.N. van Wyk, Dekaan van die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe, Dr Roelof van der Merwe, Me. Betsie van der Merwe, Mev. Miems van der Merwe en Mev. Ria Strauss.

Sterrekundige navorsing wat hier gedoen word, sal as trekpleister dien om mense hierheen te lok waar hulle dan verder aan 'n verskeidenheid aspekte van die natuur blootgestel sal word.

“Die uitstekende opvoedkundige teleskope, inheemse plantegroei en pragtige uitsig vanaf die Boyden-koppie maak die fasiliteit baie geskik vir die doel. Opvoedkundige en publieke programme, wat aanskoulike aanbiedinge en kyk-sessies deur die teleskope sal insluit, sal gereeld aangebied word,” sê Dr Hoffman.

Dr Pieter Meintjes, astrofisikus aan die Departement Fisika, sê: “Ons wil graag ons eie entoesiasme vir die wondere van die heelal met die publiek deel. Die UV is bevoorreg om een van die min universiteite in die wêreld te wees wat oor sy eie sterrewag beskik. Dit plaas ons in 'n uitstekende, maar ook 'n verantwoordelike posisie. Ons kan onself nie net toespits op navorsing nie. As opvoedkundige fasiliteit het ons ook 'n verantwoordelike teenoor die gemeenskap en sy opvoedkunge behoeftes.” ■

UV wen nog 'n ronde teen onwettige olie

Personeel van die Departement Mikrobiëse, Biochemiese en Voedselbiotegnologie onder leiding van Prof. Lodewyk Kock het nog 'n slag geslaan in die volgehoue stryd teen onwettige kookolie-praktyke.

Die Suid-Afrikaanse Kookolie Inisiatief – soos hulle bekend staan – wat saamwerk met die Departement Gesondheid, Agri Inspec, die polisie, die Suid-Afrikaanse Olyfkeekersvereniging en die Suid Afrikaanse Oliepersersassosiasie, sal vanaf 1 April vanjaar 'n “goedkeuringstempel” (links) kan plaas op olie wat streng toetse vir oksidatiewe stabiliteit deurgaans het.

Aanvanklik sal slegs gekyk word na olie wat op grootskaal deur die oliebraaibedryf, soos kitskosverkopers, gebruik word. Daar word egter gepoog om die “goedkeuringstempel” mettertyd na alle olie-handelsmerke, ook die wat in huishoudings gebruik word, uit te brei.

Die inisiatief spruit uit die wanpraktyke wat op grootskaal in die oliebraaibedryf plaasvind.

“Dit is reeds bekend dat onaanvaarbare en selfs skadelike materiale gevorm word by die misbruik, of oorgebruik van kookolie. Wanneer olie oor en oor gebruik word, veroorsaak dit dat die olie in skadelike stowwe afgebreek word. Hierdie praktyk vind plaas wanneer die vervaardiger probeer om kostes te bespaar. Die doel heilig egter nie die middele nie, want soos wat die olie afgebreek

word, word groter hoeveelhede van die olie deur die voedsel geabsorbeer en selfs meer skadelike stowwe word ingeneem. Boonop verlaag dit die kwaliteit van die voedsel,” sê Prof. Lodewyk Kock, hoof van die lipied-biotegnologie-groep in die Departement Mikrobiëse, Biochemiese en Voedselbiotegnologie.

Hierdie praktyk benadeel nie net mense se gesondheid nie, maar ook die braai-operateur se gesondheid. Besighede wat van hierdie praktyke gebruik maak, kan deur die omgewingsgesondheidsbeamptes of die polisie vervolgt word.

Nog 'n besparingstegniek, is die aankoop van die goedkoopste olie op die mark. Dit is egter baie keer die swakste kwaliteit en mees onstabiele olies wat maklik oorgebruik kan word en wat dan in groot hoeveelhede in die voedsel opeindig.

“Riglyne om die gebruik van hierdie olies, of selfs die rook wat ingeasem word as hierdie olies verhit word, te elimineer is dringend nodig. Oksidasievlakke van hierdie ‘oorbruikte’ olies wat in Suid-Afrika gevind is, is in sommige gevalle tot so hoog as 75%. Dit is hoër as gerapporteer in enige ander land in die wêreld. Die gebruik van ‘n “goedkeuringstempel” sal 'n beduidende rol speel in die stryd teen die misbruik van olie en om oliebraaibedryf te help om ingeligde keuses te maak in die aankoop van olie,” sê Prof. Kock.



BOOST FOR SCIENCE



The Old Mutual Foundation made a generous donation of R300 000 to the Science-for-the-Future initiative of the University of the Free State. The donation over a two-year period will go towards outcomes-based education, one of the five programmes that the project comprises.

Here Prof. Frederick Fourie (right) receives the cheque from Mr Faan Fourie, Old Mutual's general manager in the Free State and Northern Cape. ■



Farewell: Prof. Benito Khotseng (left), previous Vice Rector: Student Services, and the Rector, Prof. Frederick Fourie. Prof. Fourie honoured Prof. Khotseng as an academic leader and kind-hearted human being.

Tribute to a pioneer:

Prof. Khotseng honoured

The University of the Free State has lost a respected academic leader and kind-hearted human being in Prof. Benito Khotseng, Vice Rector: Student Services.

At a farewell function for Prof. Khotseng held by the UFS executive management recently Prof. Frederick Fourie, Rector and Vice-Chancellor, said the UFS would honour the legacy of Prof. Khotseng in contributing to a multi-cultural and multi-lingual university.

“He has cleared the way for us in terms of our parallel-medium language policy among staff and students. He also was a pioneer in establishing a culture of learning in our residences, and in establishing stability on the campus.”

He said Prof. Khotseng had to absorb a lot of pressure in the role he played and this took its toll on him.

“If there is one thing which stands out about Prof. Khotseng, then it is his deep-rooted humanity, his compassion and wisdom in dealing with people. He certainly was a resource for this university.”

Prof. Fourie said it was sad to lose a colleague of the calibre of Prof. Khotseng, but the

UFS should be proud that another higher-education institution saw fit to recruit him.

At the same farewell function which followed the executive management summit, Chairman of Council, Judge Faan Hancke, said the UFS would have been in serious trouble if it was not for the role of Prof. Khotseng in bringing about transformation and reconciliation on campus.

“His influence extended beyond the border of this country. He was a much sought after ambassador of the university in the United States where he secured funding from the Mellon Foundation and other institutions,” Judge Hancke said.

Addressing the farewell function, Prof. Khotseng said great things could only be achieved by people who are willing to take risks.

“When I joined the UFS there were very few black students. Today they represent more than 50 per cent of our student numbers. This shows there is a willingness to support transformation on the campus.

“I am a product of this campus and I’m proud of it. We have helped to make university education accessible to those who were denied it in the past,” he said. ■

**“Service is a tax
we pay for living
in this world” –
Professor
Benito Khotseng**

Staan reg vir EEUFEEES

Hou die dagboek solank reg vir 'n propvol program aanstaande jaar wanneer die Universiteit van die Vrystaat sy 100ste bestaansjaar vier.

Benewens verskeie fees-geleenthede wat beplan word, sal die klem ook op akademiese geleenthede van wêreldklas val om die universiteit nasionaal en internasionaal in die kollig te plaas. Konkrete nalatenskappe, soos geboue en tuine, 'n eeufesfonds, eeufesbeurse en beeldende en uitvoerende kunswerke is ook deel van die prentjie.

Die eeufesviering is 'n platform om die prestasies van die verlede te vier en erkenning te gee vir wat reeds bereik is. Dit is ook 'n geleentheid om vir die toekoms voor te berei deur 'n hernude verbintenis tot diens aan die gemeenskap.

Die UV wil ook met die fees sterker bande smee met huidige en oud-personeel, alumni, die leiers en verskillende komponente van die samelewing, asook invloedrykes en kapitaalkragte mense en ondernemings.

Een van die oogmerke is ook om groter bewustheid van die trotse universiteitstradisie by studente, personeel en andere te kweek.

Oudstudee en -dosente moet gerus van hulself laat hoor. Ons wil hoor wat die afgelope eeu met die Universiteit en hier op die kampus gebeur het. ■

Terug skool toe vir onderwysers

Die Universiteit van die Vrystaat en die Nasionale Onderwysdepartement het 'n inisiatief aangepak om die kwalifikasies van onderwysers op te gradeer.

Navorsing toon dat 'n groot getal onderwysers wat tans in die Vrystaat en omliggende streke skoolgee, 'n dringende behoefte aan die opgradering van hulle kwalifikasies het. Daar is sowat 800 onderwysers wat net matriek het, sonder enige verdere onderwyseropleiding.

Die UV se Skool vir Opvoedkunde is verantwoordelik vir die opgradering van hierdie onderwysers in die Vrystaat en sentrale streke.

Prof. Daniella Coetzee, koördineerder van die opleidingsprogram in die Vrystaat, sê die Nasionale Professionele Diploma in Onderwys is 'n tussentydse kwalifikasie om ongekwalifiseerde onderwysers wat tans in die beroep staan, op te gradeer. Hierdie kwalifikasie is geakkrediteer deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie Owerheid, en voldoen aan die nuwe minimum vereistes wat gestel word vir onderwysersopleiding.

Dit sal ook aan onderwysers toegang gee tot die kwalifikasies op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk, aangesien onderwysers uiteindelik oor 'n minimum kwalifikasie van vier jaar sal moet beskik.

Volgens Prof. Coetzee is hierdie Diploma nodig, veral omdat groot getalle onderwysers in die ou bedeling slegs oor 'n Graad 10- (of Graad 12-) sertifikaat en 'n twee-jarige Primêre of Sekondêre Onderwysertifikaat beskik het. Dié sertifikate is reeds 'n geruime tyd gelede uitgefaseer, en daar moes dringend beplan word om aan hierdie onderwysers die geleentheid te gee om binne die nuwe opleidingsraamwerk as professionele onderwysers te kwalifiseer.

Hoewel daar 'n groot aantal onderwysers is wat tans skoolhou wat slegs oor hierdie ou kwalifikasies beskik, is daar sommige onderwysers wat selfs geen opleiding na matriek ontvang het nie. Voorsiening word ook vir hierdie onderwysers gemaak om die Onderwysertifikaat, ook 'n tussentydse kwalifikasie, te voltooi ten einde toelating tot die Nasionale Professionele Diploma te verkry.

Kontaksessies word regoor die Vrystaat in Bloemfontein, Welkom, Kroonstad, Qwaqwa, Ladybrand, Sasolburg en Thaba Nchu aangebied. Gedurende 2002 het ongeveer 1 400 onderwysers vir die kwalifikasies by die Universiteit van die Vrystaat ingeskryf, en die verwagting is dat sowat 4 000 onderwysers in die Vrystaat uiteindelik deur hierdie projek opgelei sal word. ■



Op bekendstelling:

Prof. Daniella Coetzee, me. Sesie Nxesi, Direkteur van Onderwyserontwikkeling van die nasionale Departement van Onderwys, en mnr Willy Kutumela, nasionale voorsitter van die Opvoeding Arbeidsbetrokkingeraad, die ECRC.

Oer-organismes bestudeer

'n Internasionale werkwinkel om die bestaan van lewende mikro-organismes, wat in uiterste omstandighede in die myne in Suid-Afrika oorleef, te bespreek is einde verlede jaar weer deur die Universiteit van die Vrystaat gefasiliteer.

Dr Esta van Heerden, van die Departement van Mikrobiologie en Biochemie en Voedselwetenskap aan die UV, sê as deel van die werksessie het mense ondergrondse besoeke aan 'n myn by Evander gebring.

Navorsers van die Princeton-universiteit in Amerika het in 1996 'n mikro-organisme geïsoleer wat swaar metale onder hoë temperature uit boorgate tot 3,2 km ondergronds in Suid-Afrikaanse goudmyne verwyder.

Dr Van Heerden sê hierdie organisme is miljoene jare oud. Dit is nog nie gekontamineer nie en bied 'n blik op die ontwikkeling van die aarde. ■



Ondergronds: Van die mense wat 'n ondergrondse besoek by Evander meegemaak het, is van links is mnr Colin Ralston, 'n geoloog van die Evander-myn, Prof. Tom Kieft van die New Mexico Tech en Prof. Emile Abotsi van die Universiteit van die Noorde.

UV-sport kry aandag

Die Universiteit van die Vrystaat wil hom herposisioneer as 'n universiteit wat homself verbind tot uitnemendheid in sport. Met die oog daarop is 'n sportdraaistrategie dan ook onlangs deur die Universiteit goedgekeur.

Die strategie is gegrond op die beginsel dat uitnemendheid in sport 'n belangrike element in 'n universiteit se totale strategie moet wees. As deel van die sportstrategie sal 'n Sentrum vir Oefening en Sportwetenskaplike Dienste onder meer tot stand kom.

Een van die hoofkenmerke van die sportdraaistrategie is 'n doelbewuste fokus op die bevordering en ontwikkeling van geselekteerde sportsoorte, waaronder rugby en sokker. Die vestiging van 'n georganiseerde koshuisliga vir sokker is een van die gedagtes.

In die draaistrategie sal sportfasiliteite op die kampus ook die nodige aandag kry en waar moontlik opgegradeer word.

Die Sportburo gaan 'n bykomende R1 miljoen per jaar kry om die sportstrategie in werking te stel. ■

Afrox maak 'n skenking

Die Universiteit van die Vrystaat het R20 000 van Afrox vir die Tswelopele Beurs- en Leningsfonds ontvang. Die fonds is gestig om onder meer beurse aan behoeftige studente, wat hul toewyding aan akademiese prestasie bewys het, toe te ken. Tswelopele beteken "voortuitgang" en "ontwikkeling" in Sesotho. Die totale behoefte aan beurse en lenings beloop jaarliks sowat R15 miljoen. ■



Op die spoor van 'n groot gees

Deur Dawid Kriel

**“In later jare is ’n
professoraatskap by
minstens twee
geleenthede vir hom
aangebied. Hy het
dit telkens van die
hand gewys omdat
sy sendingwerk
vir hom
belangriker was.”**

Een goeie oggend verneem ek dat ’n vrou in die Suid-Kaap haar pa, ’n oud-student, se oorspronklike graadsertifikate aan die Universiteit wil skenk. Goed en wel, maar wat maak hierdie oud-student dan so besonders, wonder ek by myself.

Die antwoord word my paspoort tot ’n ontdekkingsreis op die spoor van ’n baie besondere man, ds E.H.S. (Siegfried) Grosskopf, een van die eerste twee studente wat ooit ’n graad aan hierdie Universiteit behaal het.

Ds Grosskopf is op 15 Mei 1887 in Bloemfontein gebore, hy matriculeer aan Grey Kollege en word in 1905 saam met J.Z. van Schalkwijk die eerste twee studente wat ’n graad (BA) aan die Universiteit behaal. In 1907 word ds Grosskopf die heel eerste student om ’n Magistergraad (MA in Moderne Tale *cum laude*) te verwerf. Hy het daarna in Duitsland verder studeer en in 1920 na Suid-Afrika teruggekeer waar hy as sendeling gewerk het. In 1951 het hy superintendent van die Kaapse sinode geword, ’n pos wat hy tot sy aftrede op 1 Januarie 1960 beklee het. Hy het tot op 85-jarige ouderdom nog steeds klas gegee by die Morawiese Bybel-instituut in die Strand en is op 2 Augustus 1981 op 94-jarige ouderdom oorlede.

Dis egter in die skilderagtige Suid-Kaapse

JOU BYDRAE TEL

Indien oud-Kovsies aandenkings uit hul/hul ouers se studentejare aan die Universiteit wil skenk, sal ons dit hoog op prys stel. Ons beoog om in ons eeufeesjaar (2004) ’n museum te vestig en benodig items vir uitstalling. Kontak asseblief Prof. Leo Barnard by (051) 401-2330 of Dawid Kriel by (051) 401-3409/083-680-7354.

dorp Greyton waar ek aan huis van ds Grosskopf se dogter, mev. Ilse Buys, die mens Siegfried Grosskopf leer ken. Vandag nog praat sy met heimwee en ’n amperse eerbied van haar “Vati”. So was hy ’n besonder geleerde man wat nege tale magtig was. Hy het egter nooit sy doktorsgraad behaal nie. Sy tesis vir sy doktorsgraad in Teologie was reeds voltooi en goedgekeur en die 300 Duitse mark daarvoor betaal. In daardie tyd is hy egter deur die Eerste Wêreldoorlog in Duitsland vasgekeer en kon hy nie na Suid-Afrika terugkeer nie. In 1920 het hy met die eerste beskikbare na-oorlogse boot na Suid-Afrika teruggekeer en Duitsland verlaat voordat sy doktorsgraad formeel aan hom toegeken kon word.



In later jare is 'n professoraatskap by minstens twee geleenthede vir hom aangebied. Hy het dit egter telkens van die hand gewys omdat sy sendingwerk vir hom belangriker was.

As vader onthou mev. Buys hom as 'n kalm, saggeaarde mens wat altyd gereed was om sake rustig te bespreek. So is hy in die dertigerjare na Riversdal gestuur juis omdat daar 'n gees van verset en opstand onder die gemeentedegeheers het. Met takt en geduld het ds Grosskopf weer orde en tevredenheid in hierdie gemeente geskep.

Hoewel al sy kinders in die Kaap studeer het, het ds Grosskopf deurgaans onverskrokke lojaal teenoor sy alma mater gebly. Hy het tot op 'n rype ouderdom nog steeds oud-Kovsie reünies bygewoon en baie dikwels het die organiseerders geweier dat die reünie begin alvorens "ds Siegfried" nie teenwoordig was nie. In die

lig hiervan het mev. Buys besluit om ds Grosskopf se oorspronklike graadsertifikate aan die Universiteit te skenk.

My ontdekkingsreis is egter nog nie verby nie: In Stellenbosch by ds Grosskopf se jongste dogter, mev. Helga Pauw, wag daar nog 'n verrassing. Ds Grosskopf se dagboek, wat hy in sy universiteitsjare gebruik het, word ook aan die Universiteit geskenk. Hierdie dagboek is in Duits bygehou met die eerste inskrywing op 27 Maart 1904. Dit bevat ook 'n brief wat deur oudpresident M.T. Steyn op 7 Oktober 1905 aan die destydse groepie studente geskryf is, waarin hy hulle sterkte toewens met hul studies.

Ds Grosskopf was inderdaad 'n merkwaardige man en die Universiteit is mev. Buys en Pauw baie dank verskuldig vir hul skenkings en die geleentheid om hierdie pionierstudent van nader te kon leer ken. ■

BO: Baanbrekers:
Ds Siegfried Grosskopf (regs) saam met mnr J.Z. van Schalkwijk. Hulle was die eerste twee studente wat 'n graad (BA) aan die Universiteit van die Vrystaat behaal het.

BO LINKS: Sertifikaat: *"Hy het tot op 'n rype ouderdom nog steeds oud-Kovsie reünies bygewoon en baie dikwels het die organiseerders geweier dat die reünie begin alvorens ds Siegfried nie teenwoordig was nie."*



**KOVSIE-ALUMNI
TRUST**

Trust groei sterk

GOUE DONATEURS

- | | |
|---|--|
| 571 Mnr Corné vd Westhuizen, Mediese Verteenwoordiger, Roodepoort | 576 Mnr Lesley Stewart, Finansiële Adviseur, Pretoria |
| 572 Mnr Wimpie Jansen van Rensburg, Bourekenaar, Johannesburg | 577 Mnr Hugo vd Walt, Prokureur, Bloemfontein |
| 573 Mnr Piet Moen, Driedimensionele Visualiseerder, Bryanston | 578 Dr Anthony Orrock, Mediese dokter, Bloemfontein |
| 574 Me. Carin Boshoff, Fisioterapeut, Kilnerpark | 579 Mnr Jurie Wessels, Boer/verteenwoordiger, Victoria-Wes |
| 575 Dr Maritz Laubscher, Mediese dokter, Bloemfontein | 580 Mnr Charlie Heathcote, Makelaar: Absa, Kimberley |

ERESTIGTERDONATEURS

Stigtersdonateurs wat met hulle ondersteuning die Kopsie-Alumni Trust tot groot hoogtes help dra het, het spontaan hulle verdere ondersteuning aan die Trust gegee nadat hulle finansiële verpligtinge afgehandel is. Hier volg 'n lys van bestaande Stigtersdonateurs, wat weer 'n verbintenis van R5 000 tot die Trust gemaak het, se

name om dan te kwalifiseer as Ere-Stigtersdonateurs. Die voorsitter van die Kopsie-Alumni Trust, Prof. Nico du Plessis, nooi alle reeds bestaande Stigtersdonateurs uit om ook op dié wyse die Trust verder te ondersteun om óf 'n Ere-Stigtersdonateur óf 'n goue donateur te word: Geen

- | | |
|--|--|
| 60 Mnr Wikus van Rensburg, Sakeman en TV Regisseur, Aucklandpark | 558 Mnr Carel Terhoeven, Geoktrooieerde Rekenmeester, Moreletapark |
| 385 Mnr Chris Lourens, Bestuurskonsultant, Marshalltown | 559 Me. Amanda van Schoor, Staatsamptenaar, Pretoria |
| 532 Mnr Gerald Horwitz, Prokureur, Houghton | 560 Mnr Johan Senekal, Prokureur, Johannesburg |
| 552 Mej. Welma Strauss, Groeps Finansiële Kontroleerder, Sandton | 561 Mnr Wikus Hancke, Rekenmeester, Bloemfontein |
| 553 Mnr Deon van den Berg, Sakeman, Brits | 562 Mnr Stanley Sansom, Direkteur: Steundienste Farmakologie, UV |
| 554 Mnr Johan Botha, Bemarker, George | 563 Dr Annette de Wet, Dosent: Dept. Afrikaans, UV |
| 555 Prof. Chris du Preez, Dosent: Landbou Fakulteit, UV | 564 Mnr Louw de Klerk, Sakeman, Kimberley |
| 556 Dr Celia Alberts, Mediese dokter, Brits | 565 Mnr Pieter du Toit, Prokureur, Victoria-Wes |
| 557 Dr Johan de Kock, Mediese dokter, Brits | |

PLATINUM DONATEURS

- 48 Mnr Johan Ströh, Prokureur, Middelburg

Geen

Ons neem afskeid

Prof. Kerneels Nel (58)

Dekaan van Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat (UV) en 'n steunpilaar in die Suid-Afrikaanse mediese gemeenskap het op 17 Februarie 2003 aan 'n hartaanval beswyk. Hy was sedert 1992 Dekaan van die Fakulteit en het vir 11 jaar sy stempel van uitnemendheid, billikheid en innovering op die Fakulteit afgedruk.

Prof. Nel, wat ook Visepresident van die Mediese Kollege van Suid-Afrika en Voorsitter van die Onderwyskomitee van die Suid-Afrikaanse Mediese en Tandheekkundige Raad was, is in 1992 as Dekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die UV aangestel. Hy het op die redaksionele komitees van onder meer die *South African Journal of Surgery*, *Geneeskunde* en die *South African Medical Journal* gedien. Hy was ook lid van die uitvoerende bestuur van die Gesondheidsberoepe Raad.

Hy was 'n besoekende professor aan die meeste Suid-Afrikaanse universiteite, insluitend die Universiteite van Natal, Kaapstad, die Witwatersrand, Stellenbosch en Pretoria, waar

hy by laasgenoemde ook sy mediese opleiding ontvang het. Prof. Nel het ook verskeie besoeke gebring en was vir periodes werksaam op uitnodiging in Amerika, Kanada en Europa.

Prof. Frederick Fourie, Rektor aan die UV, beskryf prof. Nel as 'n besondere mens en 'n dinamiese leier wat die Fakulteit van Gesondheidswetenskappe aan die UV tot groot hoogtes geïnspireer het.

Hy was ook instrumenteel in die vestiging van die nuwe Fakulteit Gesondheidswetenskappe, wat uit die vorige Mediese Fakulteit gespruit het. Hy het vir die Fakulteit internasionale aansien in die opleiding van gesondheidswerkers en in die uitvoering van mediese navorsing verseker.

Die nasionale en internasionale vraag na gesondheidswerkers wat aan hierdie Fakulteit gekwalifiseer het is steeds groot. Hy was ook instrumenteel in die transformasie van die Fakulteit.

Hy word oorleef deur sy vrou, Dalina en vyf kinders; Louis (33), André (31), Cornelius (28), Nanda (27) en Carel (19).



Prof. Kerneels Nel

Mnr Henk Maree (33)

'n Prokureur wat die grade B.Proc. en LL.B. aan die UV verwerf het, het op 14 Desember in 'n motorongeluk omgekom. Tydens sy studentejare was hy drie jaar lank voorsitter van die juridiese vereniging van die Fakulteit Regsgeleerdheid aan die UV.

Hy het sedert 1998 in Somerset-Wes gebly waar hy ook sy eie praktyk gehad het. Hy word deur sy ma, mev. Elna Maree van Senekal, broer Lourens van Bultfontein en suster, mev. Elaine Stemmet van Senekal oorleef.

Dr Elza le Roux (41)

'n Oudstudent van die Universiteit van Vrystaat, woonagtig, Harrismith, en twee van haar kinders, Frederik (12) en Yvonne (3), is einde Februarie in 'n motorongeluk in KwaZulu-Natal dood. Haar man, Dr Freddie Döhne (43), ook 'n oud-Kovsie, is ernstig in die ongeluk beseer. Hul ander twee kinders, Liezel (15) en Ludwig (8), is net lig beseer. Le Roux het in 1978 geskiedenis gemaak toe sy die eerste matriekleerling aan die Hoërskool Lichtenburg was met sewe onderskeidings in matriek.



Laat daai wiele by die bult afrol!

“Maar gesels met die manne van die vyftigerjare en jy hoor dat daar in die middelvyftigs net omtrent vyftien karre op kampus was. Skippie se Austin Sport was blykbaar die enigste ryding in Vishuis totdat ’n sindikaat van agt ouens ’n 1928-limousine vir 80 pond gekoop het, wat hulle toe op kragparaffien aan die gang gehou het.”

Daar is min dinge wat jou so onder die indruk bring van jou jarigheid as om ’n kind te gaan inskryf by dieselfde plek waar jy meer as dertig jaar gelede (eina!) ook ’n verskrikte eerstejaar was. En as dit nog ’n meisiekind is, kom jy met ’n trek daar aan wat ’n Polokwane-taxi dolleeg sal laat lyk.

Maar wat my opval, is hoeveel van die verskrikte eerstejaartjies met hulle eie rygoed in Bloemfontein aangesit kom. Gewoonlik met pa en Die Trek in ’n 4x4 en sleepwa agterna. En dan is dit nie sommer sulke karre nie, nee dis van die nuutste, pikante rygoedjies reg van die Europese motorskoue af. Die gevolg is dat parkeerplek daar op die kampus omtrent so skaars is soos nederige Australiese krieketspelers.

In my tyd mag ’n eerstejaar nie naby die kampus gekom het met ’n kar nie. Die enigste eerstejaar wat toegelaat was om ’n motor te hê was wyle Schalk du Toit en ook net omdat hy met krukke oor die weg moes kom. Omdat ou Schalk my altyd in Pretoria kom oplaai het as hy van Ellisras af teruggerig het, het ek my vergaap oor hoe vernuftig hy die rooi Volla met sy handkontroles hanteer, min wetende dat die inligting nog eendag handig te pas sou kom.

Toe ons in ons eerste jaar Potch toe ry vir die intervarsity, beland ons op een of ander onverklaarbare manier langs die rivier by Kroonstad en terwyl ons nog so staan en braai, slaan ou Schalk reg agteroor tussen sy twee krukke en daar lê hy. En net hy weet hoe om daai Volla te bestuur. Al raad is toe dat ek maar moes oorvat en daar ry ek alleen op en af langs die rivier tot die ander passasiers tevrede is dat ek ten minste weet waar die breek is en daar jaag ons toe Potch binne dat jy net sien Pukke spat!

Later jare was daar Rooi Jan se DKW (een van omtrent vyf in die koshuis waarvan die een se parte die heelyd gebruik is om die ander vier op die pad te hou) en as dit reën het jy die Anglia met sy skuins agtervenstertjie geleen as jy wil inry toe gaan en hom dan agterstevoor geparkeer. Nie ’n druppel water op die venster nie!

Of wat van ou Hubert wat in ons derde jaar sy Volla ingeruil het op ’n vliegtuig. Ja, ’n rêrige “airie” wat by Tempe gestaan het! Al probleem was dat hy altyd iemand moes vra om hom Tempe toe te vat as hy wil vlieg. En die windgatste kar in my tyd op die kampus? Ou Kammie se Chev Comaro!

Maar gesels met die manne van die vyftigerjare en jy hoor dat daar in die middelvyftigs net omtrent vyftien karre op kampus was. Skippie se Austin Sport was blykbaar die enigste ryding in Vishuis totdat ’n sindikaat van agt ouens ’n 1928-limousine vir 80 pond gekoop het, wat hulle toe op kragparaffien aan die gang gehou het. En hoogs geheime bronne vertel jou van die aand toe ou Tos Wentzel en Tampan Booyens met Tos se 1930-Chevie te vinnig om die sikspens is en toe ’n meisie en ’n bottel brandewyn by die agterdeur laat uitval het. En Jan Grobbies vertel jou van sy Fiat Cub met sy 450cc-enjin wat net twee sitplekke gehad het (wat het jy in elk geval meer nodig as twee sitplekke as jy ’n student is?)

Maar my nommer-een kar? Natuurlik Oom Natie Ferreira se swart kewer wat volgens berigte vandag nog lewe!

Blou Willem J. ...



KOVSI-ALUMNI TRUST

Posbus 2319, Bloemfontein, 9300 Tel (051) 401-3758 Faks (051) 401-3758

DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

(Vul asseblief in drukskrif in en merk met X waar van toepassing)

DONATEURSNOMMER:

OUDSTUDENTNOMMER (I.V.T.)

TITEL: VAN: TEL.: (h) SEL:

VOORLETTERS: NOEMNAAM:

ADRES:

..... POSKODE: TEL.(w):

..... E-POS ADRES

ID NO. OUDERDOM VAN KINDERS:

DEBIETORDER

Ek magtig hiermee ondergenoemde bank (of enige bank waarheen ek my rekening mag oorplaas) om my rekening te debiteer ten gunste van die KOVSIE-ALUMNI TRUST, en wel soos volg:

R (..... rand)

Maandeliks Kwartaaliks Halfjaarliks Jaarliks

met ingang van 20.....

Naam van bank: Rekeningnummer:

Naam van tak: Takkode:

Stad/Dorp: Tjekrekening Transmissierekening Spaarrekening

GOUE DONATEUR : R3000 ERE-STIGTERS DONATEUR : R5000 PRESTIGE DONATEUR : R6000

PLATINUM DONATEUR : R12000 DIAMANT DONATEUR : R30000

LET WEL: 'n Blanco gekanselleerde tjek of gebruikte tjek moet asb. aangeheg word vir kontroledoelindes indien van toepassing.

OPMERKINGS: *Elke onttrekking sal op u bankstaat aangedui word. *Die bankkoste word deur die Trustfonds gedra.

*Bogenoemde magtiging kan deur u gekanselleer word deur dertig dae vooruit skriftelik en per geregistreerde pos kennis te gee.

*U belastingvrystellingsertifikaat sal so spoedig moontlik na die afsluiting van die belastingjaar aan u gepos word.

BEROEP: WERKSADRES:

HANDTEKENING DATUM: